MIKRO

WERK EN SKEP

# Dagboekinskrywing


*Liewe dagboek*

## Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Wat is ‘n dagboekinskrywing?

‘n Dagboek is geskrewe gedagtes van persoonlike ervarings, gedagtes en gevoelens. Dit kan gesien word as ‘n vriend by wie jy jouself kan wees en met wie jy jou diepste geheime en emosies kan deel.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dagboekinskrywing

‘n Dagboekinskrywing is ‘n baie persoonlike beskrywing van gebeure wat daardie dag of baie onlangs plaasgevind het en jou gevoelens daaroor.




<u>‘n Dagboekinskrywing:</u>

- Word in die eerstepersoon geskryf (gebruik ek, my of ons).
- Moet altyd van ‘n datum voorsien wees.
- Fokus op die hoogte- of laagtepunte van die dag.
- Beskryf hoe die persoon voel of gevoel het oor dit wat gebeur het.
- Word gewoonlik aan die einde van die dag geskryf (jy moet dus verlede tyd gebruik om te skryf oor gebeure wat reeds plaasgevind het en die teenwoordige tyd om oor gevoelens te skryf wat jy nou ondervind).

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Alet se dagboekinskrywings

LAERSKOOL MIKRO

**<u>Donderdag 17 Maart</u>**

Ek kan amper bars van opgewondenheid. Saterdag is dit ons dorp se kunsmark. Ek gaan deelneem en van my skilderye verkoop.

Ek het ná skool ‘n nuwe tekenboek gaan koop. My waterverf het min geraak, daarom het ek sommer ‘n paar nuwe buisies verf ook gekry. Blou, rooi, geel en oranje. Ek het eers later onthou ek kon sommer self my eie oranje meng met rooi en geel. Toemaar wat! Ek sit al die hele middag en verf. Oeps! Ek moet seker nog my huiswerk ook doen.



Laerskool Mikro kopiereg ©

# Alet se dagboekinskrywings

**<u>Vrydag 18 Maart</u>**

Ek het my so vervies vir Vernon. Hy het vanmiddag vir my kom kuier. Ek het eers gesê hy kan nie; ek werk aan my skildery vir die kunsmark. Hy wou toe sien wat ek doen.

Ek het hom my stapel skilderye gewys. Dit was 'n groot fout!

Toe hy sy hand uitsteek om die skilderye by my te vat, haak sy mou vas aan 'n verfkwas. Die volgende oomblik mors die vuil afspoelwater oor my skilderye. Drie van hulle is heeltemal verwoes!

Ek was so kwaad. Ek moes hulle oordoen. Maar Vernon het nie so lig daarvan afgekom nie. Ek het hom in die werk gesteek. Hy moes help om die skilderye wat klaar was in netjiese sakkies te verpak. Dit sorg dat stof en water hulle nie weer sal beskadig nie. Hy moes ook prysplakkers op die rekenaar maak en dit op die skilderye plak. Nog net een slapie, dan is dit kunsmark!




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Alet se dagboekinskrywings

**Saterdag 19 Maart**

Die kunsmark was ‘n groot sukses. Ek het sewe skilderye verkoop. Een daarvan vir die helfte van die prys. Die man wou dit vreeslik graag vir sy vrou koop, maar hy het nie genoeg geld by hom gehad nie. Ek het hom toe ‘n stewige afslag gegee. Dit was my goeie daad vir die dag.

Ek moes Vernon ook ‘n klein salaris betaal omdat hy my weer kom help het vandag. Hy het dit sommer dadelik opgeëet. O, dit klink vreemd. Hy het nie die geld geëet nie. Hy het die geld dadelik gaan spandeer op lekkergoed en die lekkergoed geëet. My wins vir die dag was maar min. Ek moes die nuwe tekenboek, verf, stalletjie se fooi en Vernon se salaris aftrek. En nou sit ek met R50 wins. H’m...ek wonder wat ek daarmee sal maak?

Miskien moet ek vir my pa sjokolade koop. En vir my ma ‘n bos blomme! Jip, ek gaan dit net môre doen.

Nou moet ek eers gaan slaap, want ek is doodmoeg van al die harde werk!




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Skryf jou eie dagboekinskrywing

Skryf nou jou eie dagboekinskrywings wat oor 2 verskillende dae val.
Onthou jy kan positiewe en negatiewe goed skryf.



Geniet dit!




Dag 1: ______________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________



Dag 2: ______________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

Laerskool Mikro Kopiereg ©